

5

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

Maak fotostate van die prente van persone of items soos dit voorkom in Lesse 1 tot 4 van jou of die kind se boek: Daniël tussen die leeus, die donkie wat met Bileam praat, natuurbewaring, en Simson en die leeu.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

BEGIN SO

IETS OM TE DOEN

Verduidelik vir die kinders dat julle hersiening gaan doen van die feite in Lesse 1 tot 4. Verduidelik dat elkeen van die persone of gebeure iets vir hulle geleer het.

Wys die verskillende prente en vra dan by die betrokke prent die volgende vrae of skerp die feite weer in. Help hulle reg waar nodig.

- **Daniël tussen die leeus**

- Wat was hierdie man wat in die leeu kuil gegooi is, se naam? (*Daniël.*)
- Hoe lief was hy vir God? (*So lief dat hy eerder sou doodgaan as om ongehoorsaam aan God te wees.*)
- Hoekom is hy in die leeu kuil gegooi? (*Omdat hy aangehou het om God te aanbid.*)
- Hoekom het die leeus hom nie doodgebyt nie? (*Engele het die leeus se bekke kom sluit.*)
- Hoe kan jy wys dat jy net so lief is vir die Here? (*Gesels oor 'n paar voorbeelde van gehoorsaamheid aan God, soos om gereeld kerk toe te gaan, al is jy nie altyd lus nie.*)

- **Bileam en die donkie**

- Ons het gehoor hoe die Here met Bileam gepraat het. Hoe dink julle praat die Here vandag met ons? Lei hulle na regte antwoorde. (*Hy praat met ons veral deur die Bybel. Dit is hoekom ons die Bybel God se Woord noem. Want God se woorde is daarin geskryf.*)
- Vir wie hoor ons eintlik elke keer as ons die Bybel lees, of na iemand luister wat uit die Bybel lees of preek? (*Ons hoor wat God vir ons wil sê.*)
- Wat moet ons gaan doen as ons gehoor het wat in die Bybel staan? (*Ons moet leer om altyd mooi te luister en dan te lewe soos die Here vra.*)

- **Die skepping**

- God het –
 - op die eerste dag lig geskep;
 - op die tweede dag lug;
 - op die derde dag see, land en plante;
 - op die vierde dag son, maan en sterre;
 - op die vyfde dag visse en voëls;
 - op die sesde dag diere en mense;
 - en op die sewende dag het Hy gerus.
- God het alles mooi en goed geskep.
- Ons geniet die natuur en kry alles om van te lewe daaruit.
- Dit is sonde as ons die natuur besoedel en verniel.
- Ons pas die natuur op as ons –
 - vullis in die asblik gooi.
 - afvalmateriaal soos papier, bottels, blikkies, ensovoorts, herwin.
 - water en elektrisiteit spaar.
 - diere nie onnodig doodmaak nie.

- **Simson en die leeus**

- Wat was die sterk man wat die leeu doodgemaak het se naam? (*Simson.*)
- Wat is 'n rigter? (*'n Rigter was iemand wat deur God geroep is om die Israëliete te red.*)
- Wat het Simson later in die leeu se karkas gekry? (*Heuning.*)
- Vertel weer hoe God ons ook sterk maak. (*Hy maak ons nie sterk soos vir Simson met sterk arms en sterk bene nie, maar Hy maak ons ook sterk en help ons wanneer ons hartseer of bang is. Verduidelik dit soos volg: Weet julle wat, as ons in die moeilikheid is, of bang is vir iets, kan ons ook bid. Dan sal die Here ons ook sterk maak. Sterk maak, sodat ons nie meer bang hoef te wees nie.*)
- As julle ooit bang is, wat moet julle doen? (*Ja, julle moet bid dat die Here julle sal sterk maak, sodat julle nie meer bang hoef te wees nie.*)

BY DIE HUIS

Doen

Hulle kan die prente in hul boeke gaan inkleur en vir hul ouers vra om te lees wat by die prente geskryf is.

Leer

Laat die kinders hul ouers gaan vra om die feite by Les 5 vir hulle te leer.

Belangrik:

Reël dat die ouers vir die volgende twee lesse saam met hul kinders klas toe kom.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 538: 1 as gebed.

(Verduidelik dat *heet* beteken dit wat iemand se naam is. Behalwe die name wat ons het, word ons ook God se kinders genoem.)

*Heer Jesus, U was self 'n kind;
U laat U ook deur kinders vind.
O laat ons nooit u Naam vergeet –
óns wat deur U Gods kinders heet.
Amen.*